

### HOOFSTUK III

## POGINGS OM DIE ONTSTAAN VAN AFRIKAANS TE VERKLAAR

#### §1.—*Inleidend*

Die afstand tussen Afrikaans en Nederlands het sommige opmerksames van vroeg af in meerdere of mindere mate probleembewus gemaak. Onder die baie vrae wat hulle opgewerp het, staan twee meer bepaaldelik bo die ander uit: Waarin lê die verskille? Wat het hulle veroorsaak? Dié beantwoordingspoginge het weer nuwe vrae laat ontstaan, soos: Wanneer het Afrikaans sy bepaalde wending aangeneem? Uit watter dialekte kom dit voort? ens.

Die antwoorde op die twee eersgenoemde vrae was baie uiteenlopend en hang ook saam met die tye en omstandighede waarin dit gestel is. Die maniere by voorbeeld om die afwykinge tussen stam- en dogtertaal langs die weg van vergelyking te bepaal, het van meer as een standpunt uitgegaan, soos in die historiese oorsig duideliker sal blyk. Party belangstellendes vergelyk die Afrikaans van hulle tyd met die Nederlands van dieselfde tydperk, ander weer met die Ndl. van die sewentiende eeu soos hulle dit aflei uit die werk van Vondel, Bredero, Bontekoe e.a., en sommige put ook nog uit die huidige Ndl. gousprake. Dit lei dikwels tot beweringe en bevindinge wat ten opsigte van die kronologie skeef getrek is.

'n Paar moeilikhede val dadelik in die oog. Met watter Ndl. moet ons watter Afr. vergelyk? Afr. is die aangepaste voortsetting van dié dialekte wat landverhuisers — hoofsaaklik uit Nederland — hier kom praat het. As ons nou wil vasstel hoe ver Afr. in die loop van tye werklik afgewyk het, moet ons daardie oorgeplante streektale tot grondslag van vergelyking kies. Dan eers sal ons weet wat in Afr. deur die drie eeue heen bewaar gebly het, wat weggegooi is en wat plaaslik nuut ontwikkel het, dus wat verlore geraak het, oorgeërf is en wat self verwerf is.

Maar nou ken ons die reënboogkleurigheid van die destydse dialekte omtrent nie. Om die rede gebruik ons dikwels noodmiddels — b.v. ons soek aanknoping in die moderne Ndl. dialekte. Die huidige dialektiese eienaardighede kan natuurlik nog die 17de eeuse taaltoestand getrou bewaar (en dan kan ons met meer gerustheid gevolge trek), dog hulle kan ook self latere parallelle ontwikkelinge wees en dan sê ooreenkoms veel minder. Dit is nie altyd so maklik om die waarheid te onderken nie. Neem ons nog die Platduitse dialekte as hulpstudiegebied in aanmerking, word die probleme nie juis minder nie.

Reken verder hierby dat ons in ons eie land vir ons kennis van Afr. vóór 1800 meestal op indirekte bewysvoering moet steun. Ook hier moet ons ons toevlug tot noodmiddels neem, soos ou familiebriefe, briefe van veldkornette, boere en ander onder die argiefstukke, dagboeke, hofverslae e.d.m., waaruit ons brokkies kan bymekaar maak. So word ons navrae 'n klag oor ongenoegsame en gebrekkige kennis van die taalgebeure in die kritieke tydperke, en so bly ons poging om die

historiese beeld in omtrekke uit te stippel 'n tasting in die duister meestal en in die skemerlig in gelukkiger oomblikke. Veel noodsaaklike voorarbeid moet nog verrig word deur sowel die Nederlandici en Germaniste as deur ons eie taalvorsers, aleeur ons gedeeltes van die geheelbeeld noukeuriger kan arseer. Daar bly, met ander woorde, nog veels te veel oor wat intussen op bespieëlinge berus, en dit hoef ons dus allermins te verbaas dat die verklaringspoginge soms onversoenbaar voorkom. Dit behoort in die historiese oorsig hierna nie uit die oog verloor te word nie.

## §2.—*Benaminge van Afrikaans*

'n Ondergeskikte maar nogtans lastige probleem wat vroeg opgeduik het toe die vraag aangaande die plaaslike taalvorm gestel is, was om 'n goeie naam daarvoor te vind. In die begin is dit bestempel as 'n dialek sonder meer, 'n variant van Hollands op Kaapse bodem, dus as *Kaaps-Hollands*. As onthou word dat die hele gebied aan die suidspits van Afrika vir sover dit teen 1800 deur blankes bewoon was, bekend was onder die naam Kaap de Goede Hoop, of kortweg Kaap, dan laat hierdie benaming aan ondubbelsinnigheid niks te wense oor nie. Die woord *Hollands* as algemene volksnaam vir die taal van die Nederlande lê die nadruk op die historiese taalverband, die gemeenskaplike, en *Kaaps* op die lokalisering en die besonderheid.

Hierdie aanduiding kom dikwels voor van die begin van die negentiende eeu af, b.v. by Burchell wat in 1810 aan die Kaap was en vier jaar hier gebly het. Dit was 'n handige omskrywing, maar nogal 'n mondvul. Daarom het die verkorting tot *Kaaps* in ons land reeds lank voor 1850 in die smaak geval. Changuion gebruik dit dikwels

in sy grammatika *De Nederduitsche Taal in Zuid-Afrika Hersteld*, 1844, waar hy praat oor „de Kaapsche uitspraak,” „de Kaapsche tongval,” ens. en agter in sy boek gee hy ’n lys Afrikaanse woorde en wendinge onder die hoof: *Proeve van Kaapsch Taaleigen*.

Hiernaas het allerlei wisselvorme voorgekom soos „de Afrikaansch-Hollandsche taal” (Lichtenstein, 1803-1806); „Bastaard-Hollandsch” (Swaving, 1828), „Boeren-Kaapsch” e.d.m.

Van die tyd van die Groot Trek af en sedert die stigting van die vrye Boere-republieke buitekant die landpale van die Kaapkolonie het die naam *Kaaps* geknel as te eng. Ander wisselvorme het verskyn en onder die Afrikaners self het die ou naam *Kaaps-Hollands* of *Kaaps* naderhand in onbruik geraak, en wel so van 1860 af toe die bereisde Meurant ’n skryflus in die landstaal ontketen het. Die algemeenste plaaslike benaming word nou *Plat-Hollands* in teenstelling met *Hoog-Hollands*, d.i. beskaafde Nederlands. Dit is karakteristiek dat die aanduiding van die lokaliteit nou vervang word deur ’n waarde-oordeel, wat die aanwesigheid van innerlike spanning verraa. Skeld-name duik dan ook dikwels op.

In 1872 skryf Pannevis ’n brief in *De Zuid-Afrikaan* oor „De Bijbel in het Afrikaansch.” Dié naam (wat wel veel ouer sal wees) sal gaandeweg al dringender opklink, en die stigting van die Genootskap van Regte *Afrikaners* in 1875 en die verskyning van die *Afrikaanse Patriot* op 15 Januarie 1876 (met ’n lewe van byna dertig jaar voor hom) sal die naam onder die breë massa laat inslaan. Die eis dat die „dialek” Afrikaans as ’n volwaardige kultuurtaal aanvaar moet word, dat dit as die regmatige

aanspraakmaker Nederlands van sy troon in ons land moet afstoot, het die spanning kwaai laat toeneem en skeld- en spotname was nou aan die orde van die dag. Desondanks het die taalvorm én die naam onder die Afrikaners al meer en meer ingang gevind en van ongeveer 1900 heers dit in ernstige werk nagenoeg alleen, en in 1925 het dit ook van staatsweë volledige erkenning erlang. Die naam van ons taal staan dus in die nouste verband met die naam van ons volk én ons land.

Wat die verloop van die naamstryd in die buiteland en onder nie-Afrikaners betref, daar lyk dit effens anders. *Kaaps-Hollands* het daar die langste weerstand gebied, omdat dit, veral vir oorsese lesers, onmiddellik deursigtig en vanselfsprekend was. Terwyl hierdie naam onder Afrikaners na 1860 omtrent verdwyn het, het dit onder andertaliges toegeneem en in ernstige werk net voor die Driejarige Oorlog haas alleen geheers. Dr. N. Mansvelt noem sy boek in 1884 nog *Kaapsch-Hollandsch Idioticon* en dr. W. J. Viljoen sê in sy Straatsburgse proefskrif dat hy „Cap-Holländisch” om historiese redes en ter wille van duidelikheid verkies (*Beiträge zur Geschichte der Cap-Holländischen Sprache*, 1896). „So sprechen die Engländer noch immer von Cape Dutch” vertel hy verder. In 1900 skryf H. Elffers *The Englishman's Guide to . . . Cape Dutch*; in 1903 lewer prof. Logeman 'n redevoering oor *Cape Dutch*, en J. F. van Oordt stel 'n grammatika saam van *Cape Dutch* ... om slegs 'n paar titels uit vele te noem. Seker die klemmendste bewys is dat die Patriot-manne self die woord *Afrikaans* in hulle tweetalige uitgawes vertaal het met *Cape Dutch*, b.v. *Samesprake in Afrikaans en Engels/Dialogues in Cape Dutch and English* (nrs. 1, 2 en 3 saam uitgegee in 1897);

*Vergelykende Taalkunde van Afrikaans en Engels/Comparative Grammar of English and Cape Dutch* (1897).

Die Tweede Vryheidsoorlog het groot belangstelling vir ons volk in Europa gewek, en so het ook die spreektaal onder die aandag gekom. Verskeie wisselvorme duik nou naas die ou naam *Kaaps-Hollands* op, soos *Burensprache* (Meyer-Benfey, 1904), *Le Langue des Boers* (Lodewycks, 1911), *A Handbook for Boer Dutch* (Snell, ong. 1904), *Transvaals* (reeds deur Alb. Verwey in *De Nieuwe Gids*, Nov. 1887), *Afrikander Taal* (Hunt, 1901) en baie sulkes nog. In Suid-Afrika kom daar onder beter-ingeligte Engelse verset teen die te beperkte *Cape Dutch* en hulle begin hulle na 1902 meer te bedien van *The Taal*, dikwels in ongunstige sin. Onder dié hoof verskyn die Afrikaanse boeke in 'n wetenskaplike werk soos Menselssohn se *South African Bibliography* nog in 1910.

Die segetog van die Afrikaanse taalbeweging na die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika het ook meer waardering vir ons taalstrewe by ander hier en in die buiteland gewek, en die naam *Afrikaans*, en wel in Afrikaanse vorm, ontvang vandag haas orals erkenning in wetenskaplike geskrifte. Baanbrekend vir Duitsland was M. R. Breyne (*Einführung in Afrikaans*, 1934). Ons naaste stamgenote, die Nederlanders en Vlaminge, tel nog, tot ons spyt, traes onder hulle geledere waar party ons taal bestempel as *Zuid-Afrikaansch*. Dit kan ook wees omdat hulle die woord *Afrikaans* dikwels in 'n ander sin opvat, t.w. as die (inboorling)tale van Afrika, b.v. die negertale is dan vir diegene *Afrikaanse* tale.

Omdat die skeldname vandag as verslete munt beskou kan word, gaan ons daardie afdeling stilswyend verby.

### §3.—*Vroeë Beskouings oor Afrikaans*

Na die afdwaling oor die naam wat ons voortaan net as Afrikaans sal aangee, ook al is dit histories soms onjuis waar dit gebruik word vir 'n vroeë tydperk, keer ons tot die eintlike probleem terug, d.w.s. aangaande die ontstaan. Hier kan ons voorlopig ru-weg van twee periodes praat, nl. as eerste die tydperk toe die redes vir 'n eie wesens-aard dilletanties aangegee is, d.w.s. sonder genoegsame wetenskaplike ondersoek en bewysvoering; en as tweede tydperk toe daar met groter erns na die waarheid gesoek is.

Die skeiding tussen die twee tydperke is in 'n seker sin willekeurig, juis omdat daar in elkeen weer groot verskil in graad en in die terrein van belangstelling bestaan het. Alleen met hierdie voorbehoud moet dit begryp word as ons die eerste tydvak laat deurloop tot voor die verskyning van Hesseling se studie, wat dan die beginpunt van die tweede tydvak vorm.

Hierdie afbakening waarmee ons die oorsig wil vergemaklik, het slegs enige geldigheid solank dit alleen in verband met die ontstaansteorieë gebring word; praat ons b.v. oor die belangstelling sonder meer in Afrikaans as taal, hou dit nie meer steek nie, omdat Mansvelt se lys idiotismes uit 1884, om slegs een voorbeeld te noem, as 'n wetenskaplike bydrae 'n mylpaal in die 19de eeu verteenwoordig en in meer as een opsig die belangrikste studie oor ons woordleer voor 1900 is; — maar Mansvelt hou hom nie met die ontstaan van Afrikaans in die eerste instansie besig nie.

Persone het hulle eers begin afvra hoekom Afrikaans van Nederlands verskil toe hulle van die afstand tussen die

twee vorme bewus geword het, d.w.s. toe party afwykinge groot genoeg was om op te val. Die opmerkzaamstes het dit die vroegste raakgesien en daaroor gewonder, maar namate die kloof nog wyer geword het, het ook die aantal opinies toegeneem. Gedurende die neëntiende eeu, waarin ook die opkoms van plaaslike koerante en tydskrifte val en daar dus meer geleenthede vir die skriftelike uiting van meninge was, het ons baie uitsprake, terloopse opmerkinge en selfs verantwoorde beskouinge oor die wordingsvraagstuk. Omdat hulle meestal 'n wetenskaplike basis mis, is 'n kort vermelding van 'n paar soorte verklaringe voldoende om te laat sien in watter rigtinge daar gedink is.

(a) Baie het geglo dat Afrikaans in hoofsaak 'n ontwikkeling is uit Nederlands in die rigting van taalverminking en verbastering, wat te wyte was aan ongebreidelde vryheid, dit beteken aan afwesigheid van remmende en beskawende kragte. Dit is dus 'n taal wat somaar wild groot geword het, gesond dog ru. Op simpatieke wyse (nogal 'n seldsaamheid!) beskryf dr. J. Brill dit in sy bekende lesing oor die landstaal in 1875 soos volg: „Een Hollandsch, dat eenvoudigheidshalve de grammatische vormen die nog aan de moedertaal eigen waren, heeft afgeschafft, of liever, zonder grammatische of litterarische tucht, aan zich zelve overgelaten, die vormen langzamerhand heeft zien inkrimpen, afsluiten en ten slotte nagenoeg geheel verloren heeft.” Dit is so ongeveer dieselfde as wat later „spontane ontwikkeling” van Afrikaans genoem sal word.

(b) Die gedagte is ook uitgespreek dat die klimaat of die nuwe landsomstandighede as die hooffaktor aangemerkt moet word. Dit kon ook op die volks-



karakter ingewerk het waarvan die taal een van die reflekse is. So sê iemand wat onder die skuilnaam Hollander skryf, in 'n brief in die Kaapstadse koerant *Het Volksblad* (26 Jan. 1867) dat die rede van die taalverwilderings hier deur 'n parlamentslid aan hom verduidelik is as komende „eensdeels door verbastering, maar meerendeels, doordien de menschen, tengevolge van het warme klimaat, te lui zijn geworden om hunnen mond behoorlijk open te maken en hunne tong de vereischte beweging te geven.” Hy betuig sy instemming hiermee volgens sy eie waarneming gedurende die twintig jaar wat hy in ons land verkeer het. Ses jaar later sê Regtuit in *De Zuid Afrikaan* (30 April 1873) dat Nederlands hier 'n vreemde taal geword het „onder invloed van heel bijzondere omstandigheden (klimaat, aard des lands, volksmenging) . . .” Hierdie voor die hand liggende verklaring van klimaatsomstandighede het herhaaldelik opgeduik, selfs by iemand soos dr. Theal (*History of South Africa, III, p. 329.*)

(c) Die woord „volksmening,” hierbo gebruik, wys op 'n ander verklaring wat voor die hand gelê het. Bepaald die algemeenste opvatting was dat een of ander vreemde taal of tale die omvorming bewerkstellig het. Daaronder is veral genoem:

(i) *Hottentots*. Geen enkele verklaring was onder die gewone publiek so algemeen in swang nie — iets wat maklik te begrype is. Immers, die Vryburgers en ander blanke ingesetenes wat met die Hottentotte voortdurend in aanraking was, het hierdie taal met sy rykdom aan klappgeluide moeilik gevind. Die gevolg was dat die Hottentotte makliker Hollands aangeleer het as die Hollandse inwoners Hottentots. En nie alleen het die

Hottentotte Hollands aangeleer nie, maar in uitgestrekte gebiede het hulle dit selfs as hulle eie taal aanvaar. Hierdie Hollands het in vorm en sfeer baie verskil van die norm soos dit onder die blankes in gebruik was. Dit was 'n soort krom-Hollands met 'n grammatica minima, en ons noem dit Hottentot-Hollands. Dit het natuurlik verskeie raakpunte met Burger-Hollands of Boere-Afrikaans gehad, en so was dit heel natuurlik om te meen dat dié Hottentot-Hollands omvormend ingewerk het op die taal van die blankes. Die voorstanders van Nederlands het dan ook nooit moeg geword om Afrikaans uit te skel as Hotnots of Katriviers nie. Maar dit berus op 'n onvermoë om twee verskillende vorme uitmekaar te hou. Nogtans wag ons nog steeds op 'n studie wat sowel die invloed van suiwer Hottentots as van krom Hotnots-Hollands grondiger gaan probeer ondersoek as tot hier toe die geval was.

Nie alleen die algemene publiek was oortuig dat die groot wysigende faktor Hottentots of Hottentot-Hollands was nie — ook geleerdes het die opvatting gehuldig. Bekend is b.v. die teorie van dr. Th. Hahn (1882) dat die Afrikaanse taalmateriaal wel nog Germaans is, maar „it is psychologically an essentially Hottentot idiom. For we learn this patois first from our nurses and ayahs . . .”

(ii) *Slawetaal*. Slegs enkeles het in ons eerste periode in die taal van die slawe die groot faktor gesien. So lees ons in Geysbeek se *Algemeen Noodwendig Woordenboek der Zamenleving* (1836) oor die Nederlandse taal aan die Kaap: dit „wordt over het algemeen zeer slecht gesproken, dat meestendeels aan de slaven toe te schrijven is . . .”

Ander nie-Europese tale is, sover ek kan onthou, nie genoem nie. Aan Boesmans het niemand glo ooit ernstig gedink nie — daarvoor was die aanraking te oppervlakkig. Bantoe het te laat gekom om van betekenis te wees en die langdurige vyandskap en oorloë in die Oostelike Provinsie en elders het die moontlikheid van vriendskaplike verkeer vereers uitgesluit. Prof. J. van Ginneken se opmerkinge val in die tweede tydperk.

Intiem en direkter was die kontak tussen die Hollandsprekende en andertalige blankes in die vormingsjare. Deur vele is om verstaanbare redes gemeen dat die wysiging van Nederlands tot Afrikaans bewerkstellig is deur die invloed van hierdie tale, waarvan veral drie as sterk genoeg beskou is, naamlik Duits, Engels en Frans. Oor die algemeen is die bewysvoering by hierdie tale op 'n hoër peil geplaas as dit by die voriges die geval was.

(iii) *Duits*. Die invloed hiervan is in hierdie tydvak nooit baie helder uiteengesit nie, ten dele daaraan te wyte dat dit beswaarlik altyd uit te make is waar die grens tussen Nederlands aan die een kant en een of ander vorm van Duits aan die ander kant in gegewe gevalle lê. Die moontlikheid van Duitse invloed is ewenwel dikwels veronderstel, b.v. deur Hugo Schuchardt (*Literaturblatt für germanische und romanische Philologie*, 1885, VI, 463). Dit is 'n opvatting wat meestal deur Duitsers self bepleit is en wat (net soos in die volgende tydvak weer sal gebeur) meer as eens 'n element van nasionale trots tot grondslag het, so b.v. by W. Vallentin (*Das Deutsche Element unter den Buren, Die Wage*, 1901) en P. H. Brincker (*Die Afrikaner und deren „Taal,”* 1902.)

(iv). *Engels*. Daar is talle kere gewys op die be-  
weerde parallelle ontwikkeling van Afrikaans en Engels

onder invloed van Frans. Dit het egter nie net gebly by die vasstelling van ooreenkomste in grammatiese neiginge nie (b.v. *die* en *the* teenoor *de* / *het*), maar blykbaar was die opvatting ook populêr dat Engels Nederlands by ons aan hom in die rigting van fleksieloosheid gelyk gemaak het. So sê dr. W. J. Viljoen, iemand wat uit eie ervaring kon praat, in sy proefskrif van 1896 die volgende, naamlik: die hoë ouderdom van Afrikaans weerspreek „*der allgemein iiblichen Auffassung mit aller Entschiedenheit, dass das Niederländische in Südafrika hauptsächlich durch den Einfluss des Englischen das geworden sei, was es jetzt ist . . .*” (*Beiträge zur Geschichte der Cap-Holländischen Sprache*, bls. 25. My kursivering).

Hierdie „algemeen gebruiklike” teorie het hom egter selde by ons in geskrifte in volle erns geopenbaar. Wel het ds. S. J. du Toit in 1897 gesê: „di siil fan di (Afrikaanse) taal (di taalkunde), di forme en uitdrukkings, is grotendeels gewysig follens Frans (deur di Hugenote) en Engels . . .” (uit die Foorrede tot sy *Fergelykende Taalkunde fan Afrikaans en Engels*), maar hy dink hier ten opsigte van Engels bepaald aan anglisismes en ontleninge van later datum. Dr. Viljoen se kernbeswaar teen die teorie, naamlik dat Afrikaans reeds as aparte taal bestaan het voor daar van intieme aanraking met Engels sprake kon wees, het dit afdoende weerlê.

Nogtans het die opvatting seker onder leke in stilte ’n paar aanhangers getel, ook in die buiteland. Selfs so laat as 1915 spreek ’n letterkundige met ’n klinkende naam, prof. G. Kalff, nog die vermoede uit dat „het voorbeeld van het Engels er zich (in Afrikaans) misschien geopenbaard (heeft) in het afkorten van woorden, het afwerpen van uitgangen, het gedeeltelijk te loor gaan der

woordgeslachten . . ." (*Die Brandwag*, 1 Maart 1915).

Invloed van Engels op Afrikaans ná die vormingsjare is al weer heeltemal iets anders en raak nie die eintlike ontstaansprobleem nie.

(v) *Frans*. Geen enkele teorie in hierdie tydvak het onder geleerdes hier by ons en in die buiteland, met name in Nederland, soveel aanhangers getel as die opvatting dat Afrikaans Nederlands is wat deur die Frans van die Hugenote omgevorm en deur die ander sprekers toe aangeneem is nie. Ook hier kan ons verstaan hoe daar tot die gevolgtrekking geraak is.

Die eerste uitgangspunt was waarskynlik die geskiedenis. Oorbekend was dat die Franse nedersetters in die loop van iets meer as twee geslagte Nederlands as hulle taal aangeneem het. Dat daar in dié proses naverwerking van hulle Romaanse moedertaal op hulle nuwe Germaanse spreektaal kon gewees het, was 'n redelike veronderstelling. Deur ondertrouing en omgang kon hierdie vorm hom op ander oorgeplant het. Hierby val sydelingse bevestiginge aanhoudend op. Die groot aantal Hugenotevanne, veral in die toonaangewende Boland van die dae, en die leidende rol wat so vele van die talryke afstammeling van die Franse geloofshelde gespeel het, het voortdurend die aandag sterk op hulle gevestig gehou, sodat daar in die woorde van dr. Viljoen, self 'n Hugenote-seun, met stelligheid beweer is: „Den grössten Faktor im fremden Bestandtheil der europäischen Bevölkerung bildeten die Hugenotten . . ." (*Beiträge*, bls. 8). Vandag beskik ons oor noukeurige gegewens, maar dié uitspraak toon tog aan hoe die relatiewe getalsterkte van die Franse Hugenote waarskynlik algemeen oorskat was, en daarmee saamhangend natuurlik die invloed van hulle taal.

'n Tweede uitgangspunt was die taal self. Die dubbele ontkenning is een van die kenmerke wat hom die eerste aan die aandag opdring, en albei tale ken dit. Diegene wat op Franse invloed gewys het, het dan ook meestal met hierdie „ooreenstemming” begin sonder om tot die besef deur te dring dat ons hier twee anders-gearde tipes van ontkenning het.

Aangesien hierdie uiters gewilde teorie na sy bestryding deur Hesseling so goed as geheel verdwyn het in die tweede periode, kan om historiese redes 'n paar van die tientalle pleitbesorgers se hoofstellinge vlugtig genoem word. Uit die vele (onder wie S. J. du Toit, Mansvelt, Olive Schreiner, dr. Brebner ook val) noem ek vier. Die ewewydige ontwikkeling van Engels uit Angel-Saksies onder inwerking van Normandiese Frans, en van Afrikaans uit Hollands deur die invloed van die Hugenote se Frans, is die stelling wat D.U.M. (in *Cape Monthly Magazine*, 1872) wil bewys uit die fleksie, sintaksis en woordeskat van die twee tale. Net so oor die aangeleentheid dink ook Onze Jan (J. H. Hofmeyr) wat die Stellenbosse studente in 'n openbare rede in 1889 oproep om na te gaan hoe Angel-saksies en Hoog-Hollands „ontaardden wegens verwante oorzaken . . ., t.w. door den overtocht der Fransche Normandiërs naar Engeland en door dien der Fransche Hugenoten naar de Kaap . . .” (*Z.A. Tijdschrift*, 1889.)

Afgaande op Afrikaans soos hy dit uit die geskrifte van die G.R.A. leer ken het, formuleer 'n Nederlander, C. Stoffel, sy opvatting soos volg: „Om kort te gaan: de spreektaal der Kapenaars, die sedert korten tijd tot schrijftaal is verheven, is het natuurlijk uitvloeisel van de behoefte aan een gemakkelijk en handelbaar middel

tot gedachtenwisseling tusschen Hollanders eenerzijds, en anderzijds Franschen, die door den drang der omstandigheden genoodzaakt werden hunne moedertaal op te offeren. En zoo is eene taal ontstaan waarvan de grondstof, de woordenschat Hollandsch, wellicht specifiek Noord-Hollandsch is, maar die het grootste gedeelte van haren vroegeren spraakkunstigen toestel heeft opgeofferd om aldus hare aanlering door Franschen gemakkelijker te maken. De taal is dus het uitvloeisel van een natuurlijk en onbewust voltrokken compromis." (*Volks-Almanak voor het Jaar 1882*).

Aan prof. J. te Winkel kom die eer toe om hoofsaaklik langs taalkundige weg bewyse vir sy bekouing te soek. Hy het dan ook die uitvoerigste studie oor die vreemde elemente in ons woordeskat en vormleer geskryf en oor die vermeende invloed van Frans op Afrikaans. Afrikaans maak op hom dieselfde indruk as die gebrekkige of geradbraakte Nederlands van die Franssprekende Wale. Sy ondersoek laat hom besluit: „Dit is in elk geval zeker, geene taal heeft op het Nederlandsch in Zuid-Afrika grooter invloed gehad dan het Fransch, waaraan het vooral moet worden toegeschreven, dat het op het oogenblik van ons Nederlandsch meer afwijkt dan het Amerikaansch van het Engelsch." (*Vragen van den Dag*, 1896.)

(d) *Verskeie Faktore*. Soos reeds geblyk het, is dikwels meer as een faktor genoem en nie net 'n enkele hooffaktor nie. Pannevis b.v. beskou die volgende drie kragte as van deurslaggewende betekenis: (a) die oorplanting na 'n nuwe land met 'n ander klimaat en „gedaante;" (b) die inwerking van die soort Nederlands wat die vreemdelinge — hulle was in die meerderheid — gepraat het; (c) verbreking van die kultuurbande met Nederland

na die vestiging van die Britse gesag. (J. D. du Toit: *Ds. S. J. du Toit in Weg en Werk*, blss. 102-7.)

#### §4.—*Latere Beskouinge oor Afrikaans*

By al die bogenoemde verklaringspoginge is daar gesoek na 'n oorsaak of oorsake. Te Winkel het die noukeurigste die uitwerking van een van die genoemde oorsake (nl. Frans) probeer aandui, maar slegs by wyse van uitsondering is daar oor die proses self iets gesê. Daardie netelige probleem is deur die meeste met rus gelaat. Hoe het die „compromis”-taal van die Hugenate b.v. oorgegaan op die meerderheid van die koloniste wat destyds tog Hollanders of hulle afstammeling was, of op ander nie-Franse vreemdelinge? Dr. Hahn het wel vir sy opvatting die weg half terloops aangewys: deur middel van die kind wat onder die sorg van die kromsprekende aia gestaan het, en baie ander het op negatiewe kragte gewys. Maar hoe dit hom stap vir stap voltrek het — dit bly heerlik vaag. Of die vraag aangaande die proses finaal te beantwoorde is, weet ek nie; nogtans is daar in die tweede tydperk ernstig gepoog om die lig hierop helderder te laat val. Dit geskied deurdat daar nou meer rekening gehou word met die maatskaplike toestande en die rasseverhouding op bepaalde tye. Die weg hiertoe is veral deur dr. D. C. Hesseling gebaan.

#### §5.—*Dr. Hesseling se Verklaring*

Met dr. Hesseling begin die tweede tydvak in die historiese oorsig. Hy is die eintlike vader van die sogenoemde Maleis-Portugese of (veelenger) slaweteorie. Wel is die slawetaal as faktor vroeër dikwels genoem, b.v. in 1835 en weer in 1885 toe Schuchardt, wat toe juis besig was met 'n studie van kreolisering, na aanleiding



van Mansvelt se *Idioticon* (1884) verwys na die „kreolische Färbung” wat Afrikaans dra. Ook wy Te Winkel in 1896 aandag aan Afrikaanse leenwoorde uit Maleis en Portugees via die slawetaal. Maar eers dr. Hesseling het sy opvatting op so ’n wyse bepleit dat dit voortaan nie langer negeer kon word nie.

Na aanleiding van dr. Te Winkel se meergemelde bydrae van 1896 skryf dr. Hesseling ’n opstel oor *Het Hollandsch in Zuid-Afrika* wat in *De Gids* (Januarie 1897) verskyn het. In die eerste deel van die opstel bestry hy puntsgewyse die Franse teorie soos prof. Te Winkel dit taalkundig wou bewys. Dit is dr. Hesseling se eerste groot verdienste dat hy daardie algemeen-verbrede opvatting finaal as wetenskaplik onhoudbaar bewys het. In die plek daarvan stel hy toe die hipotese dat die Maleis-Portugese mengeltaal van die slawe en die seelui die hoof faktor is om die totstandkoming van Afrikaans in „zoo korten tijd na de stichting der kolonie” te verklaar.

Die probleem het hom gepak en hy het sy studie voortgesit. Veral het hy besonder baie aandag aan die maatskaplike toestande in die vroeë jare van die nedersetting gestel. Van Riebeeck se Dagverhaal, party argiefstukke en vele reisberigte het hy uitvoerig ondersoek — die tweede groot verdienste van dr. Hesseling. Die uitkomst (wat sy opvattinge net verder versterk het) gee hy weer in sy boek *Het Afrikaansch* (1899), ’n geskrif wat uitmunt deur voorbeeldige helderheid van formulering en afwesigheid van ’n gepraal met swaarwigtige geleerdheid.

Dr. Hesseling se studie het die aandag op die ontstaansprobleem toegespits. Baie het daarteen en daarvoor geskryf, nuwe gegewens is aan die lig gebring, veral deur

Afrikaanse geleerdes, en in 1923 het hy, hiermee rekening houdende, sy verhandeling hersien en in die vereenvoudigde spelling laat verskyn (*Het Afrikaans*). Ek wil probeer om sy teorie na aanleiding van hierdie herdruk op te som. Hierin behandel hy dit in drie hoofstukke: hoofstuk I gee die geskiedkundige bewyse, hoofstuk II soek na Afrikaanse woorde wat aan Maleis-Portugees ontleen is en in hoofstuk III gaan hy die invloed van dié taal na op die Afrikaanse sinsbou, vormleer en klankleer, om alles af te sluit met 'n opsomming van die vernaamste gevolgtrekkings.

#### §6.—*Dr. Hesseling se Historiese Argumente*

Dr. Hesseling toon eers die betekenis van die Kaap as 'n verversingspos aan vir die roete tussen Holland en Indië en bewys dat dit 'n voorpos van Nederlands-Indië was (en nie van Nederland nie). Vir 'n kennis van die taaltoestande is dit van belang om ook te onthou dat baie inwoners in hulle onderhoud voorsien het deur losies aan deurreisende skeepslui te verstrek.

Die Kapenaars se taal het van die begin af afwykinge getoon. Dit bewys hy uit Van Riebeeck se Dagverhaal, uit Kolbe se mededeling en uit die foute wat in die manifes van die Fransman Barbier (1739) voorkom. Ook die opmerkinge by Van Rhee de (dat die Hotnots se krom-Hollands die kinders se taal aantast) en die bewering van Mentzel uit ongeveer 1737 (naamlik dat die mense in die binneland nie meer suiwer praat nie en die vrouens soms *ons* vir *wij* sê), oortuig hom verder „dat reeds in de eerste tachtig jaar van het bestaan van de volksplanting onze taal wijzigingen had ondergaan die men bij het aannemen van spontane ontwikkeling van een Nederlands dialect in zo korte tijd niet kan verklaren” (bls. 8).

Die karakter van Afrikaans kan hy alleen begryp deur aan te neem „dat het Afrikaans naar zijn oorsprong een mengeltaal is” (bls. 9), dit is, dat een of ander vreemde taal naas Nederlands so dikwels gepraat was dat nie net die woordeskat aangetas is nie, maar ook die buiging en sintaksis baie eienaardighede aan die vreemde taal ontleen het.

Die vraag is nou watter taal dit kon gewees het? In aanmerking kom Hottentots, Frans en Duits, maar nie een van hulle het so 'n toestand van dubbeltaligheid geskep dat 'n mengeltaal kon ontstaan het nie. Wel beantwoord die vorme van die gebroke Portugees van die Oosterse en binnelandse slawe aan die vereistes hiervoor. Hy noem hierdie Oosterse taal Maleis-Portugees en veral aan die hand van dr. De Haan se boek *Oud-Batavia* verduidelik hy taamlik uitvoerig die uitgebreidheid daarvan in die Indiese Argipel gedurende die 17de en 18de eeu.

Nou moet hy aanneemlik maak dat Maleis-Portugees ook aan die Kaap veelvuldig gepraat en gehoor is. Hiervoor voer hy o.m. die volgende bewyse aan:

(i) Maleis-Portugees was as algemene verkeerstaal in die Ooste so sterk dat dit Nederlands nie alleen orals in die begin verdring het nie, maar in Ceylon b.v. selfs oorleef het. Aangesien die Kaap as 'n voorpos van Indië beskou moet word, sou dit inderdaad vreemd gewees het as Maleis-Portugees nie ook hier as hawetaal aange-tref is nie.

(ii) Positief bewys hy dit deur voorbeelde uit die 17de en 18de eeu aan te voer. Die tolkin Eva, 'n Hotnotmeidjie, het waarskynlik aan die huis van Van Riebeeck geleer om goeie Nederlands en „redelyck portugees” te praat. 'n Ander Hotnotmeidjie Sara, wat van kindsbeen

af onder vryburgers gewoon het en selfs die maniere van die blankes oorgeneem het, kon Nederlands en Portugees „promptelijk” praat, d.w.s. sy moes ook haar Portugees aan die Kaap geleer het. Dr. Hesseling vertel verder dat ’n reisgeselskap wat in 1660 uitgetrek het om na Monomotapa te gaan soek, ’n tolk in Portugees meegeneem het vir die geval dat iemand daar die taal kon praat. Tolke wat o.a. ook Portugees geken het, was ook by ander ekspedisies saam, b.v. in 1664, 1683 en 1695. Hierdie getuienisse is almal uit die 17de eeu. Uit die 18de eeu is daar baie, b.v. in die werke van Kolbe (aan die begin van die eeu), Mentzel (ongeveer 1737), Sparrman, Thunberg, mevr. Kindersley (almal so ongeveer 1770).

(iii) Mense wat van huis uit Maleis gepraat het en met hulle ook ’n kennis van Maleis-Portugees saamgebring het, was die politieke ballinge uit die Ooste, voorsate van ons Slamse bevolking. Die oud-Indiese amptenare (oudgasten) wat hulle aan die Kaap kom vestig het, het eweneens die lingua franca geken.

(iv) Die Maleise en Portugeese woorde wat in die Kaapse Stukken (d.i. briewe, papiere, hofverslae, dagverhale ens. wat van die Kaap na Nederland gestuur is) voorkom, getuig verder hoe uitgebreid dié taal aan die Kaap gebruik was, b.v. woorde soos *basar*, *moveert* (terg), *matteren*.

(v) Die sterkste bewys is ewenwel die taal van die slawe self. Dr. Hesseling ontwerp ’n goeie beeld van die aanwas van die slawebevolking aan die Kaap, hulle sosiale stand, leefwyse en uitbesteding. Van 1658 af begin die toevoer en dit word eers in 1767 stop gesit. Hulle vorm ’n belangrike element van die bevolking aan die Kaap en het soms die blankes in getal oortref, soos in

1658 toe daar 194 slawe teenoor 166 blankes was. Voeg nog hierby dat weens die geringe aantal blanke vrouens in die vroeë tydperk die omgang tussen blank en bruin intiem was, dan kry ons nog 'n belangrike taalfaktor.

Nou beweer dr. Hesseling dat die slawe uit die Ooste 'n vorm van Maleis-Portugees gepraat het en dat die slawe uit die Afrikaanse gebiede van Portugal of van die binnelande van Sentraal- en Wes-Afrika en van Oos-Afrika en elders 'n Neger-Portugees uit nood aangeleer het, om dan vir hulle omgang met mekaar aan die Kaap in die Kompanjie se slawekampongs voort te gaan met 'n vorm van Maleis-Portugees. Die blankes moes hierdie slawetaalvorme noodwendig ook geken het.

Ons kom hier by die allerbelangrikste punt van dr. Hesseling se verklaring. Om dit goed te begryp, moet ons sy uiteensetting vooruitloop en weet dat die tydperk toe „onze taal het meest gevaar liep om haar Nederlands karakter te verliezen” (bls. 59) deur hom begrens word met 1658 (toe daar die eerste groot toevoer van slawe was) en 1685 (die jaar toe die plakkate teen die onwettige en wettige verkeer met slavinne verskerp is) (t.a.p. bls. 59). In minder as 30 jaar is Nederlands dus tot „Afrikaans” omgebuig — iets ongekends in die geskiedenis van enige taal. En dit verklaar dr. Hesseling deur die toestande hier by ons as 'n skielike botsing te sien wat dan vormvereenvoudiging bewerkstellig het. Die belangrike paragraaf by hom lees soos volg:

„Het aantal blanke bewoners der volksplanting bedroeg in 1658 niet meer dan 166 tegen 194 slaven; met de grootste helft der bevolking, voor een deel huisgenoten, moest men zich plotseling van een taal bedienen die vóór die tijd wel zeer verbreid, maar

volstrek niet de dagelike taal was, tenzij voor enkele burgers met hun slaven. Nu dreigde een overstroming van een vreemde taal; *geen langzame inwerking, maar een botsing deed zich voor*, en botsing van talen bewerkte vereenvoudiging van vormen." (bls. 40).

Nogeens verduidelik hy dit op blss. 113 en 123.

Hierna gee hy uit die 17de en 18de eeu „enkele staaltjes" van Maleis-Portugees in die mond van Kaapse slawe en van een blanke. Die lewenstaaierheid van die slawetaal bewys hy deur te steun op 'n mededeling van G. R. von Wielligh, naamlik dat sy grootvader nog Maleis-Portugees van die slawe geleer het.

Die kritieke periode was, soos reeds gesê, 1658 tot 1685, toe die botsing die blanke minderheid onverhoeds oorval en oorweldig het en die gedeeltelike kreolisering van Nederlands tot Afrikaans bewerkstellig het.

Maar hoekom is Nederlands dan nie heeltemal gekreoliseer nie? Dr. Hesseling sê dat die proses gestuit is deur verskeie faktore waarvan drie veral remmend en neutraliserend van strekking was: (a) die feit dat Nederlands altyd die amptelike taal gebly het en dus beskawend ingewerk het; (b) die voortdurende aanvoering van vrouens uit Nederland; en (c) die Hollandse kerk en die huisgodsdien.

Dr. Hesseling word nog gesterk in sy opvatting deurdat Afrikaans vandag oor so 'n geweldige uitgestrekte gebied haas sonder dialektiese afwykinge gepraat word. Die eenvormigheid oortuig hom dat Afrikaans baie vroeg en binne 'n klein gebied moes ontstaan het, dus voor die trekke na die binnelande plaasgevind het. Hy sluit hierdie hoofstuk af deur te vertel dat hy groot verwagtings vir ons taal se toekoms koester.